

KOMMUNIKAMMA 17 JULIE 2022



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 17 Julie

Skriflesing: Lukas 10:38 - 42

Tema: Teenwoordig in Sy teenwoordigheid

<https://youtu.be/MgHBpZdTBxM>

Skakel gerus om 09:00 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

09:00 EREDIENS

Geen kleuterkerk of Kategese a.g.v. die skole langnaweek.

Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir die VCSV van Hoërskool Framesby

Maandag 18 Julie

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor die hele week via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

MANDELA DAG/ DIENSBAARHEID

Maandag 18 Julie gaan ons vir **6 ure en 7 minute**, weer verskeie stopstrate en spoedhobbels in die area **verf**. Jy is welkom om by ons aan te sluit (al is dit net vir **67 minute**). Indien jy nie hou van verf nie kan jy ons altyd kom help die verkeer reguleer, die pad vee voor die tyd of kom hou ons geselskap. Ons gaan in **3 skofte** werk en elke skof begin by die kerkgebou. Skof 1: 10:00-12:00 (Toit 084 240 2916). Skof 2: 12:00-14:00 (Pat Wood 083 697 5004). Skof 3: 14:00-16:07 (Dirk van der Mescht 082 569 8447).

Dinsdag 19 Julie

SKOLE OPEN

Woensdag 20 Julie

Voedselhulp aan PE-Noord

Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.

U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak

Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Ons het die volgende skrywe van PE Noord ontvang: Tot en met die maand van Mei het ons aan 786 gesinne kospakkies voorsien. Gemiddelde getal van 'n gesin is 4 na 5 persone. Tans doen ons kospakkies op Vrydag en sokkombuis op Saterdag. Sokkombuis bedien tans tussen 20 en 45 persone per Saterdag. Daar is gemiddeld tussen 60 en 105 gesinne wat gereeld gehelp word met kospakkies. Die grootste gedeelte van mense wat hulp ontvang het hul werk verloor en ons het ook baie bejaardes. Streng kontrole word toegepas om te voorkom dat die bediening misbruik word.

Kraggakamma gemeente het al R350 133,56 se kos aangekoop. Baie dankie vir elkeen se bydrae tot die voedselhulp program.

Vrydag 22 Julie

05:00 MANNEGROEP by Carnationstraat 15

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

Sondag 24 Julie

08:30 EIETDSE-DIENS EN KLEUTERKERK

09:45 KATEGES Gr 1-11

10:00 KLASSIEKE-DIENS

18:00 LEEFKERK PRAISE AND WORSHIP DIENS (MET ONS EIE JEUGBAND)

SAKE vir GEBED:

- Ons bid volhardend vir die erg kritieke stand van ons damme, almal is bewus daarvan dat ons reeds in dag zero is. Ons bid dat die Here ons gebede sal verhoor en aan reën sal stuur. Bly saam met ons laag op die knieë terwyl ons aanhou bid. Net God kan help.
- Almal wat siek is. Ons bid dat dat hulle die nabyheid van God sal ervaar. Ons dank die Here vir beterskap en genesing.
- Ons bid vir vrede in Oekraïne, vir almal wat swaarkry en ly. Vir moed en deursettingsvermoë vir hulpwerkers en vir hulle wat onder moeilike omstandighede probeer om die nood te verlig en ook vir die nodige finansies om te kan help.
- Ons bid vir die regering en almal wat in leierskapsposisies is - dat hulle nooit sal vergeet dat hulle daar ingestem is om te dien en dat hulle, ten midde van die korrupsie, sal volhou met goeie en eerlike dienslewering.
- Vir die kwartaal en al die werksaamhede en veral vir die 7weke reeks.

Gebedsversoek vir There4-Bedieninge

Tree in vir gelowiges in **Mali** wat as gevolg van geweld in die noorde van die land ontwortel is en nou probeer om in nuwe gebiede 'n bestaan te maak, nadat hulle alles in die proses verloor het.

Video- en musiekbandjies ("tapes")

Wil jy graag jou ou video- of musiekbandjies (tapes) oorsit op DVD, CD of Geheuestokkie?

Kontak gerus vir Bettie Celliers by 082 495 1901

7 Weke met die Bybel

Ons beplan om in die kwartaal 'n 7 weke met die Bybel reeks te doen. Bid asb saam daarvoor en indien jy in hierdie tyd by 'n selgroep wil inskakel, kontak Elizma Harmse by sel: 083 940 5617. Aangeheg is 'n lys met name en kontaknummers van die huidige selgroepe.

Dag	Tyd	Naam	Selleier/Kontakpersoon	Tel nommer
Maandag	19:15	Rose	André Barnard	082 921 8762
Dinsdag	18:30	Vygies	Sonja Tait	084 904 9047
	19:00	Voetspore	Rian Viljoen	082 559 7648
Woensdag	18:30	Gazanias (Jong getroudes)	Heleen Malan	072 206 2856
	19:00	Papawers	Gert Harmse	082 906 6924
Donderdag	09:30	Welwitschias	Willie vd Merwe	083 295 1171
	19:00	Madelifies	PC van Rooyen	084 960 6289
	19:00	Azaleas	Jean-Mari Oberholzer	083 657 9194

	19:00	Tulpe	Marlene Postma	082 787 4030
	19:00	Jong Volwassenes	Toit Wessels	084 240 2916
Sondag	18:30	Die Fontein	Ben Fourie	083 448 2137

Familie Kamp- 30 September- 2 Oktober

Ons is besig om planne te maak om KraggaKamma se eie familie kamp/gesinskamp aan te bied op die bogenoemde naweek. Hou gerus die datum oop en hou hierdie spasie dop vir meer inligting.

Nuwe Lidmate

Baie welkom aan Mara Geledenhuis.

MTR Smit-Kinderoord

MTR Smit hou op Saterdag 30 Julie om 9:00 hulle jaarlikse kermis. Almal se ondersteuning vir hierdie fondsinsamelingsprojek sal waardeer word.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- 17 Julie Piet Crous, Ruan Marks en Erna van Onselen
- 18 Julie Judy Viljoen
- 19 Julie Thersia Els, Leriché Pienaar en Freek von Mollendorf
- 20 Julie Igor Coetzer
- 21 Julie Ronelle Niit, Louis Roux, Adele Saunders en Marti-Mari Sharp
- 22 Julie Lienke Els, Marita Langenhoven, Erna Slabbert en Ronel van der Colff
- 23 Julie Pieter-Lafras Aylward en Frans Janse van Rensburg



Ons wens vir tannie Judy Viljoen geluk met haar 91ste verjaarsdag op Maandag 18 Julie.

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word. Die kerk se bankbesonderhede is:
 NG Kraggakamma
 Absa Tjekrek 1400590091
 Takkode 632005

